KONVENT VIR EENHEID

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE: 27-28 FEBRUARIE 2006 TE PORT ELIZABETH

1. OPENING EN VERWELKOMING

1.1 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, heet al die aanwesiges in die Oos-Kaap welkom.

1.2 Die vergadering sing 'n geloofsverbintenis op die melodie van Lied 100, waarna Hansie voorlees uit Hebreërs 7:23-25 en 12:1-3.

1.3 Die vergadering gesels oor die volgende vrae:
- Is daar laste / sondes wat ons in hierdie geloofswedloop na kerkhereniging wil verstrik en wat ons moet afgooi?
- Is daar dinge wat in hierdie wedloop ons oë van Jesus aftrek en maak dat ons dalk geestelik moeg word en uitsak?

1.4 Lede gee terugvoer oor die vraag oor hul betrokkenheid by en verbintenis aan die Konvent.

- Themba: I am negative about the EC of the Convention because of the total lack of progress.
- Dirk: Die belydenis van Belhar vra eenheid en ek is moedeloos omdat ek nie eenheid sien realiseer nie, maar ek wil worstel om dit te verwerklik. Ek sien myself as die draer van die droom van eenheid op Robertson. Dit is 'n gestoei – ook van die VGK-kant. Ek is hier omdat ek 'n opdrag van die Here het en dit is my hartsbegeerte.
- Eddie: I associate myself with Dirk's feelings. It is a struggle for me. Is the NG Kerk in the mood for unity? I have no answer when congregants ask about unity. I am disappointed with the lack of progress, I want us to do things practically. We need to start. I am still committed to the process – Belhar demands it, based on the Bible.
- Averell: Is ons op die regte roete met die proses?
- Hansie: Ek is soms moedeloos met die proses, maar ek is op die wa en verbind tot die proses.
- Danie: Die UK help my baie, omdat ek julle hier leer ken en liefkry het. Hier is egter nie voldoende proses in die meer tegniese sin van die woord nie. Ons kan nie drie Christendom kerke wat soos ysterballe 'n eie momentum het, sonder veel vatplek om 'n greep op hulle te kry, verenig nie. 'n Fokus op God is nodig en die vraag is wat Hy besig is om te doen. Waarheen roep Hy ons gesamentlik? Eenheid in missie, 'n gedeelde droom. Relevante prosesse sal ons energeer.
- Hannes: Ek betwyfel nie een van ons se verbintenis aan kerkhereniging nie, maar ons het vrae of dit wat ons hier doen daarmee help. Daar is energie op grondvlak en mooi goed gebeur. Hoekom sukkel ons op leiersvlak so? Die UK se taak is *enabling*. Ons moet daarop fokus en vorder, anders mors ons tyd.
- Lukas: The URCSA-members spent time evaluating the process and will share as the meeting progresses.
- Ben: We should have a moment of prayer and take on the agenda and questions.
- Hansie: Ek is hier omdat ek hier wil wees. Ek glo met my hele hart dat God dit van ons as leiers in die drie kerke verwag om hier te wees met die doel om 'n proses na kerkhereniging te fasiliteer. 'n Deel daarvan is om so saam te wees. Ons leer ken mekaar beter. Die Here ons alles vir kerkhereniging deur sy Woord, ons gedeelde geskiedenis, ons belydenis dat die kerk een is, en ons konteks vereis dit. Ek sal hier wees solank as ons hier saam is.

1.5 Lede van die vergadering kry ruim geleentheid om saam te bid.

2. KONSTITUERING

2.1 VGK Kaapland

Teenwoordig: Lukas Plaatjie, Themba Nyatyowa, Eddie Ngeva, Alfred Dyasi, Averell Rust, Dirk Heyneman en Mary-Ann Plaatjies.

Verskoning: Pieter Grove (Noorweë).

2.2 NGK Wes-Kaapland

Teenwoordig: Hannes Koornhof, Hannes Theron, Monty Sahd, Ben du Toit.

Verskoning: Coenie Burger (VSA), Braam Hanekom (Kenia), Elna Mouton (werksverpligtinge).

2.3 NGK Oos-Kaapland

Teenwoordig: Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit, Danie Mouton.

3. VERGADERTYE

3.1 Maandag, 27 Februarie

3.1.1 Die volgende tye word goedgekeur:

09:30 Tee / Koffie
10:00 Konstituering en Sessie 1
11:30 Tee / Koffie
11:45 Sessie 2
13:00 Middagete
14:00 Sessie 3
15:30 Tee / Koffie
16:00 Sessie 4

18:00 Aandete
19:00 Sessie 5
21:00 Dagsluiting

3.1.2 Die VGK-afvaardiging gee kennis dat hulle per besluit van die VGK-moderatuur net vir een dag beskikbaar sal wees vir die vergadering.

3.1.3 Die voorsitter reël in oorleg met die vergadering dat die sakelys behoorlik deurgewerk word. Indien dit nodig is om Dinsdag ook te vergader, sal die vergadering op die tweede dag voortgaan.

3.2 Dinsdag, 28 Februarie

3.2.1 Die volgende vergadertye word, indien nodig, vir Dinsdag goedgekeur.
08:30 Tee / Koffie
09:00 Sessie 6
11:00 Tee / Koffie
11:30 Sessie 7
13:00 Ligte ete en verdaging

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word as volg uitgebrei:

- Bylaag D by pt 6.3.1
- Bylaag E by pt 6.4.1
- Bylae G en H by pt 6.6
- Bylaag I by pt 6.9.1
- Pt 8.1 SKG Konferensie: Gemeentes en Kerkhereniging - Bylaag F
- Pt 8.2 Interpretasie VGK-besluit
- Pt 8.3 Gesamentlike Sinode / Konferensie 2007 - Bylaag J

5. NOTULE 2005-10-18 Bylaag A

5.1 Besluit: Goedgekeur.

6. SAKE VOORTSPRUITEND

6.1 Eietydse kommentaar op die Belydenis van Belhar (pt 4.2.1)

6.1.1 Die eietydse kommentaar op die Belydenis van Belhar en die begeleidende brief (twee afsonderlike dokumente) is aan al die lede per e-pos versprei.

6.1.2 Besluite:
6.1.2.1 Die eietydse kommentaar op die Belydenis van Belhar en die kommentaar tov die begeleidende brief word goedgekeur en by die volgende Konvent vir goedkeuring aanbeveel.
6.1.2.2 Themba sal die twee dokumente in Xhosa vertaal. Hannes Theron reël vir die Engelse vertaling.
6.1.2.3 Die vertalings sal by die volgende UK-vergadering beskikbaar wees.
6.1.2.4 Elke moderatuur hanteer nou hierdie dokumente tot voordeel van die proses van kerkhereniging. Dit sou ook in die amptelike kerklike media gepubliseer kon word.

6.2 Ondersoekspan insake restitusie (pt 4.2.3)

6.2.1 Die saak staan oor met ‘n versoek aan Pieter Grove om die volgende vergadering met ‘n voorstel te bedien.

6.3 Begroting 2006-7 (pt 4.2.3) Bylaag D

6.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Egalisering van vergaderkoste - dd 2006-02-24).

6.3.2 Die egalisering van die vergaderingskostes, al dan nie, is nie finaal uitgeklaar nie, en Themba sal dit met die VGK-saakgelastigde opneem. Indien nodig sal hy die vereffening van die vergadering se koste ook met die twee NG saakgelastigdes verder voer.

6.4 Finansiële hulp aan gemeentes en leraars (pt 4.2.6) Bylaag E

6.4.1 Danie Mouton (sameroeper) doen verslag oor die totale ondersteuningsisteem aan die hand van ‘n gespreksdokument, Bylaag E (Finansiële hulp aan gemeentes en leraars - dd 2006-02-21).

6.4.2 Die volgende aspekte word in die bespreking uitgelig:
- Die NG Kerk Wes-Kaapland betaal jaarliks R500,000 oor aan die voormalige NGKA pensioenfonds om pensioene te versterk vir die destydse NGKA-leraars.
- Die opdrag raak twee onderskeibare sake: finansiële hulp aan gemeentes en aan leraars – d.w.s. die salarissubsidiefonds van die VGK én hulp aan gemeentes.
- Financial assistance will have to be marketed in the churches, e.g. the DRC. We will need to develop a plan for marketing and promotion of the matter.
- Daar is ook NG Gemeentes wat swaarkry. Dit is dus beter om net van gemeentes in die finale verslag te praat.
- Strategiese vennootskappe tussen die VGK en NGK is van wesenlike belang (pt 2.3).

6.4.3 Besluite:
6.4.3.1 Die vergadering neem kennis van die gespreksdokument en verwys dit terug na die taakspan.
6.4.3.2 Averell Rust en Pieter Grove word versoek om die inligtingsvorms so gou as moontlik aan die taakspan te voorsien.

6.5 Oudit van vervreemde eiendomme (pt 4.2.7)

6.5.1 Themba Nyatyowa doen verslag. Daar is min inligting oor moontlike vervreemde eiendomme in die VGK-argief beskikbaar. Die studie sal baie gefokus gedoen moet word. VGK-gemeentes sal moet help om inligting te voorsien.

6.5.2 Die argivalia van die SSK Oos-Kaap sou ook 'n bron van inligting kon wees.

6.5.3 Besluit: Navraag oor vervreemde eiendomme word ingesluit by die inligtingsvorm (pt 6.4.3.2) wat aan gemeentes gestuur word.

6.5.4 Verwys ook na pt 7.1 van die notule.

6.6 Moderatuur AS VGK: Interpretasie van besluite rondom gesamentlike bedienings en Belhar (pt 5 (1)) Bylae G en H

6.6.1 Mary-Ann lig Bylaag G (Interpretation of General Synod decisions regarding church Unity – dd 2006-02-13) toe en die vergadering neem met dank daarvan kennis.

6.6.2 Die vergadering neem ook kennis van Bylaag H (Interpretation of the words "full acceptance of Belhar" – dd 2006-02-08).

6.6.3 Besluite:
6.6.3.1 Die UK is van mening dat hierdie interpretasie 'n groot deur vir betekenisvolle gesamentlike bedieninge open.
6.6.3.2 Kennis geneem dat die reglement van die Konvent die geskrewe, goedgekeurde ooreenkoms is tussen die VGK en die NGK in Wes-Kaapland en Oos-Kaapland;
6.6.3.3 Die Belhar-Belydenis verskaf die rigtinggewende waardes en etos van hierdie gesamentlike onderneming;
6.6.3.4 Die UK aanvaar hiermee die boodskap van die Belhar-Belydenis amptelik.
6.6.3.5 Bylaag G word aan die onderskeie moderamens gestuur om dit te behandel, te aanvaar en dit na ringe en kerkrade deur te gee.

6.7 Verslag re belydenis en belydenisbinding : Versoek aan Dirkie Smit (pt 5 (1))

6.7.1 Kennis geneem dat die saak oorstaan. Coenie Burger word versoek om steeds aandag aan die saak te gee.

6.8 Gespreksdokument : ervarings van die verlede en die pad vorentoe (pt 5 (3))

6.8.1 Kennis geneem dat Averell en Eddie verantwoordelikheid neem om die gespreksdokument voor te berei.

6.8.2 Die voorlegging van die VGK aan die Waarheids- en Versoeningskommissie sal as basisdokument gebruik word. Averell besorg dit aan Danie, wat dit saam met die notule van die vergadering versprei.

6.8.3 Die NG Kerk se voorlegging aan die WVK sal ook aan lede beskikbaar gestel word.

6.9 Taakspan Kerkhereniging (pt 6) Bylaag I

6.9.1 Hannes Theron lê Bylaag I (Voorgestelde datums en aktiwiteite vir die proses om kerkeenheid te bevorder – ongedateerd) voor. Hannes en Chris gee ook 'n beknopte oorsig oor die inhoud van die proses.

6.9.2 Die vergadering bespreek die proses krities-evaluerend.

6.9.3 Besluite:
6.9.3.1 Die Taakgroep word gevra om die metodologie van die Proses van Waarderende Ondersoek te verfyn met inagneming van die uiteenlopende kontekste van die VGK en NGK en om voort te gaan met die uitvoering van die opdrag.
6.9.3.2 Die Taakgroep word versoek om, indien moontlik, 'n loodsprojek te doen.
6.9.3.3 Die Taakgroep vir Kerkeenheid rapporteer deurlopend terug aan die dagbestuur en deur hulle aan die drie moderature oor die vordering van hulle opdrag.
6.9.3.4 Met dank kennis geneem dat Eddie Ngeva en Christo Alheit as drywers vir die proses optree.

6.10 Begroting: waarderende ondersoek (pt 7)

6.10.1 Die UK het aanvanklik gevra vir 'n begroting van R230,000. Die volgende het gerealiseer: Wes-Kaap dra R130,000 by, en die Oos-Kaap R50,000. Die VGK het aangedui dat dit moeilik is om 'n bydrae te maak.

6.10.2 Besluite:
6.10.2.1 Die taakspan aanvaar verantwoordelikheid om die finansies te bestuur.
6.10.2.2 Die Wes-Kaapse saakgelastigde, ds Francois Cilliers, word versoek om die administrasie te hanteer.
6.10.2.3 Die aanwending van die Oos-Kaapse gedeelte van die begroting geskied deur oorleg tussen die twee NGK-saakgelastigdes.

7. KORRESPONDENSIE

7.1 Oudit van vervreemde eiendomme Bylaag B

7.1.1 Monty het navraag gedoen oor die hulp wat die kerkargief kan lewer betreffende 'n oudit van vervreemde eiendomme en lê Bylaag B (Oudit van VGK-eiendomme – dd 2005-11-30) voor.

7.1.2 Besluit: Kennis geneem van die wye verskeidenheid oorwegings wat met so 'n oudit in ag geneem moet word..

7.1.3 Let ook op pt 6.5 van die notule.

7.2 Evaluering van die proses Bylaag C

7.2.1 Ben du Toit lig Bylaag C (Evaluering van die proses – dd 2005-02-15) toe. Hy wys op die afsonderlike legitimasie-geleenthede aan die einde van 2005. Dit gee nie moed vir enige

plaaslike kerkherenigingsproses nie. Die vraag is of ons op koers is met die Konvent-proses, want ons vorder nie. Faktore speel in wat vertroue ondermyn. Ons moet besef Belhar is ook die NG Kerk s'n, en dit nie strategies hanteer nie, maar teologies. Die verenigende kerk is reeds gestig, en die NG Kerk moet soontoe gaan en vra om ingesluit te word. Ben sê: "Die ongelykheid tussen die twee kerke bly en word geassimileer deur die NG Kerk".

7.2.2 Die vergadering neem kennis van Bylaag C.

7.2.3 Verwys ook pt 8.4 van hierdie notule.

8. ANDER SAKE

8.1 SKG-konferensie Bylaag F

8.1.1 Die vergadering neem Bylaag F (Verslag aan Konvent-dagbestuur: SKG-Konferensie Gemeentes en Kerkhereniging – ongedateerd) in behandeling. Die verslag het ontstaan na aanleiding van 'n NGK-VGK Konferensie, gereël deur die SKG Kaapland (VGK en NGK) en Buvton, oor kerkhereniging wat op 14, 15 Februarie 2006 te Stellenbosch gehou is.

8.1.2 Waardering word vir die inisiatief uitgespreek omdat dit kerkhereniging verder neem. Themba vestig aandag daarop dat geen Xhosasprekende VGK-gemeentes die konferensie bygewoon het nie. Hy is opgewonde oor hierdie inisiatief en wil graag sien dat dit so inklusief as moontlik moet wees. Averell verwoord die behoefte dat die Konvent ook aan hierdie soort inisiatiewe deelneem en 'n bemagtigende rol speel. Alfred en Eddie wys daarop dat ons dankbaar moet wees oor Bylaag F omdat dit 'n waardevolle inligtingstuk is.

8.1.3 Besluite:
8.1.3.1 Die UK neem kennis dat nie-ooreenstemmende ringsgrense dikwels op grondvlak 'n struikelblok vorm vir prosesse van kerkhereniging tussen gemeentes en ringe. Die UK versoek die dagbestuur om dringend die moontlikheid te ondersoek van 'n gesamentlike voorstel t.o.v. moontlike verandering in ringsgrense wat in 2006/7 voor al drie deelnemende sinodes gelê kan word.
8.1.3.2 Bylaag F word verwys na die dagbestuur van die UK om aandag te gee aan die versoeke daarin vervat.
8.1.3.3 Die UK van die Konvent waardeer die inisiatief deur die SKG wat 'n konferensie in Stellenbosch gehou het. Ons neem kennis van die samevatting van die groepsgesprekke. Dit motiveer ons om met reg weer met ywer gemeentes en ringe in staat te stel om eenheidstrukture te skep op pad na kerkhereniging. Ons wil graag deel wees van enige verdere konferensie en inisiatiewe wat hieruit ontstaan en moedig sodanige instansies aan om sorg te dra dat die gesprek so inklusief as moontlik verloop.

8.2 Interpretasie VGK Sinode besluite oor kerkhereniging Bylae G en H

8.2.1 Afgehandel by pt 6.6 op die sakelys.

8.3 Gesamentlike Sinode / Konferensie 2007? Bylaag J

8.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag J pte 2.6-2.8 (Proses Konvent vorentoe vanaf 2006 - dd 2005-02-27):

8.3.2 Besluite:
8.3.2.1 Pt 2.6 Konvent in 2007 : Die bepaling van die datum word opgedra aan die Dagbestuur in oorleg met die Taakspan. Die datum word dan aan al die SK's vir goedkeuring voorgelê.
8.3.2.2 Pt 2.7 Gesamentlike sinode / konferensie tussen die drie sinodes : Opgedra aan die Dagbestuur in oorleg met die Taakspan om moontlike scenarios aan die SK's voor te lê. Verskillende moontlikhede, soos gesamentlike predikantebyeenkomste word genoem.
8.3.2.3 Die Dagbestuur en Taakspan ontvang opdrag om te bepaal wat aan die Algemene Sinodes in 2007 voorgelê moet word en hoe die proses in aanloop tot die Algemene sinodes behoort te verloop. Dit word aan die SK's vir goedkeuring en handeling deurgegee.
8.3.2.4 Pt 2.8 Belhar-Belydenis : Goedgekeur.

8.3.3 Bylaag J word verder by pt 8.4.14 behandel.

8.4 Evaluation of process (URCSA)

8.4.1 Lede van die VGK-afvaardiging kommunikeer die evaluering van die konvent-proses deur die moderatuur VGK-Kaapland mondelings:

8.4.2 Lukas and Themba explain that the Cape Moderamen feels disappointed because the convention-process is in a standstill-position. It is creating division in URCSA. An unfortunate incident transpired when the Cape-moderature asked the General Synod's Moderature for an interpretation of the URCSA decisions on the meaning of "full acceptance of the Belhar Confession" as was required by the EC of the Convention in October 2005. The message was conveyed by the NG Kerk AS moderator that confusion exists in the URCSA Cape regional synod regarding URCSA's 2005 decisions on full acceptance of the Belhar Confession. It was painful to experience the dissatisfaction of the URCSA General Synod Moderature with the apparent lack of insight by the Cape Synod's leadership. Extreme embarrassment was caused. Eddie links this embarrassment to the history of being shamed and discriminated against. Could this be a

strategy to divide and rule?

8.4.2.1 Besluit: Op voorstel van Themba neem die vergadering kennis van die gebeure soos verwoord in 8.4.2.

8.4.3 Lukas draws attention to the lack of progress in the EC Convention. Huge amounts of energy and money is spent, with little return.

8.4.4 The appreciative inquiry process is very expensive for the URC, and is being questioned from the viewpoint of financial viability.

8.4.5 Wouldn't it be wise to focus more on practicalities regarding church unification instead of theoretical issues, as is currently being done. What can we do, e.g., from a congregational perspective to improve mutuality and to realise the dream of unity?

8.4.6 Lukas also points to the importance of relationship building and storytelling to meet one another on a meaningful level of communication. We need to listen to the history / personal stories of URCSA-members.

8.4.7 Themba asks about our report to our respective synods? What are we going to report on what we have done – practically? Probably not much. And if we cannot report on what we did do – how far are we on a practical level with the unification process – why are we still having meetings? Let us put things in practice. Research and theory is not without meaning, but we need to implement practical aspects.

8.4.8 Chris wys daarop dat al die aspekte op die agenda, en al die navorsing en die waarderende ondersoek oor praktiese knelpunte en bedieningsuitdagings handel. Die probleem is eerder dat opdragte nie afgehandel word nie.

8.4.9 Averell vra vir 'n formele, amptelike evalueringsproses.

8.4.10 Mary-Ann voel dat die proses ontspoor omdat opdragte nie uitgevoer word nie. Verder meen sy dat samewerkingsooreenkomste op grondvlak as verenigingsinisiatiewe voorgehou word. Daar gebeur dus nie soveel as wat ons dink nie. Die proses kos ook te duur – VGK Kaapland het nie geld om aan die proses deel te neem nie. Die vraag is hoe ons prakties vorentoe gaan.

8.4.11 Monty argues that the appreciative inquiry process is practical and we need to implement it as a concrete step forward. We cause the frustration because we do not act.

8.4.12 Hannes verwys na die opdragte van die laaste Konvent, spesifiek:
- Eietydse verklaring, wat ook in Engels en Xhosa beskikbaar moet wees;
- Taakspan vir kerkhereniging
- Kaapse sinodes en verenigingsproses
- Besluit wanneer die konvent weer ontmoet;

Ons rol is om bemagtigende strukture te skep sodat gemeentes vorentoe kan gaan.
Leemtes in ons sisteem is dat die besige moderature vergaderings moet hou, dat daar 'n roterende voorsitterskap en skribaat is en dat werk op vergaderings gedoen moet word i.p.v. tussen vergaderings soos dit hoort.

8.4.13 Schalk deel die ervaring van 'n gemeenskaplike ringsitting waar VGK-gemeentes gevra het help ons om kerk te wees. Daar was nie kwessies rondom Belhar en restitusie nie. Dit mag wees dat die sake wat hier bespreek word ver van die werklikheid verwyder is.

8.4.14 Besluit: Proses van die Konvent vorentoe vanaf 2006 Bylaag J

Die vergadering bespreek Bylaag J (Proses Konvent vorentoe vanaf 2006 – dd 2006-02-27) en neem die volgende besluite

8.4.14.1 Kennis word geneem van die volgende leemtes (pte 1.-1.5 van Bylaag J):
*1. Leemtes:
*1.1 Die feit dat nie vinnig genoeg gevorder word met opdragte waarop besluit word nie. Sake staan maar net oor van vergadering tot vergadering.
*1.2 Daar word te veel staat gemaak op vergaderings om werk te doen eerder as dat werk tussen vergaderings gedoen word.
*1.3 Die feit dat die voorsitterskap van vergaderings roteer, het tot gevolg dat daar niemand is wat deurlopend eienaarskap neem van prosesse en sorg dat opdragte deurgevoer word nie.
*1.4 Die koste van vergaderings is te hoog.
*1.5 Die mense wat die opdragte kry se dagboeke is reeds te vol; die "werksgroep" moet vergroot word.

8.4.14.2 Die volgende organisatoriese reëlings word getref (pte 2.1 - 2.5 van Bylaag J):
***1 Daar word net een UK vergadering [volle UK] in die boekjaar 2006/07 gehou.**
***2 Twee lede uit elke NG moderatuur en drie uit die VGK moderatuur (soos deur elke moderatuur aangewys) vorm 'n dagbestuur wat deurlopend die sake van die UK monitor en behartig. Hulle kies 'n voorsitter en skriba uit eie geledere wat die drywers word van die proses.**
***3 Die dagbestuur rapporteer deurlopend terug aan die drie moderature en die moderature neem waar nodig die besluite wat nodig is vir die proses.**
***4 Die UK bereik konsensus oor die opdragte wat tans deel van die agenda is en wat afgehandel moet word.**

8.4.14.3 Verwys ook pt 8.3 - Bylaag J pte 2.6–8.

9. AFSLUITING

9.1 Hansie bedank almal vir hul deelname oor die afgelope twee dae en Danie sluit met gebed.